

Lekkerbekkie Nuusbrief

22 OKTOBER 2014 | UITGAWE 77



Inhoud:

- * Gratis kinder storie: Die belangrike haantjie
- * Produk van die week
- * Gratis inkleurprentjie

annaemm
kinder stories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Die belangrike haantjie deur Anna Emm

Op 'n dag kom 'n hoenderhaantjie oor die plaaswerf aangestap. Hy stap tot by die hoenderhok waar al die boer se hoenders woon, en hy roep: "Koekedoedeldoo! Maak vir my die hekkie oop dat ek kan binnekom!"

Maar die hoenders kyk net verbaas na mekaar en sê: "Pik-pik-pik! En hoekom moet ons vir jou die hek van ONS hok oopmaak? Jy is dan 'n wildvreemde haantjie. Ons weet nie waar jy vandaan kom nie."

"Ek is 'n baie BELANGRIKE haantjie!" kraai die haantjie en stoot sy bors uit.

Die hoenders kan nou sommer sien dat dit 'n belangrike haantjie is, en dadelik maak hulle vir hom die hek van die hoenderhok oop. Toe die haantjie binne is, sê hy: "Koekeldoedeldoo! Bring vir my kos dat ek kan eet! Ek is baie honger!"

"Pik-pik-pik!" roep die hoenders verbaas. "En hoekom moet ons vir jou van ONS kos gee?"

"Ek is 'n baie belangrike haantjie!" kraai die haantjie en pof sy vere. Nou kan die hoenders sommer sien dat dit 'n belangrike haantjie is, en hulle gaan haal dadelik vir hom hulle beste mieliepitte om te eet. Toe die haantjie klaar geëet is, roep hy: "Koekedoedeldoo! Ek is nou moeg van die ver loop. Gee vir my julle beste strooines om op te slaap!"

Die hoenders skuifel ongemaklik rond. "Pik-pik-pik! En hoekom sal ons dit doen?" vra hulle. "Waar moes ONS dan slaap?"

"Het ek dan nie vir julle gesê dat ek 'n baie belangrike haantjie is nie?" kraai die haantjie weer, en hierdie keer maak hy sy stem sommer baie hard. "Dis baie belangrik dat ek op die beste nes in die hok slaap." Toe die hoenders hoor hoe hard die haantjie se stem is, weet hulle sommer dat dit 'n baie belangrike haantjie moet wees. Dadelik wys hulle vir hom waar hulle heel beste strooines is, en hy gaan krul hom daar op. Die haantjie slaap en slaap, want hy is baie moeg.

Maar tewel die haantjie slaap, kom 'n jakkals uit die veld oor die werf gesluip – reguit na die hoenderhok toe waar die hek nog steeds oopstaan. Hy wil vir hom 'n lekker vet hoender vang om te eet. Toe die hoenders hom sien fladder hulle verskrik rond en roep benoud! Hulle roep só hard dat die haantjie wakker word. Die haantjie sien die jakkals, ruk hy sy vere reg, spring een groot sprong, en land net mooi op die jakkals se rug! Hy krap met sy pote en pik met sy snawel! Die jakkals skrik só groot dat hy tjank en weghardloop! Gelukkig spring die haantjie net betyds af.

"Ek het nie regtig die waarheid gepraat nie..." sug die haantjie nou en lyk baie skaam. "Ek is nie regtig 'n belangrike haantjie nie. Ek is net 'n rondloper-haantjie sonder 'n huis. Ek is jammer ek het vir julle gejak."

Die hoenders kyk vir mekaar, en dan sê hulle: "Van nou af IS jy 'n baie belangrike haantjie! Jy het ons lewens gered. Jy kan hier by ons bly as jy wil, en jy kan elke aand op die beste strooines in die hok slaap."

Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za

Produk van die week

Afrikaanse stories voorgelees deur Vicky Davis!

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek www.AnnaEmm.co.za vir 'n volledige katalogus.

Ons gewilde storie-CD, "DIE APIES", voorgelees deur die bekende aktrise, Vicky Davis, kry hierdie week 'n splinternuwe baadjie! Vier lekkerluister stories oor Janneman die apie en sy maats. As jy "Die Apies" vóór Maandag 27 Oktober aankoop by enige AnnaEmm agent, betaal jy slegs R75! Normale prys R90 – jy spaar R15 op die CD! Kontak agente@annaemm.co.za of 021 930 0908 vir 'n agent in jou area, of kry "Die Apies" teen die normale prys direk by ons kantoor.

Afrikaanse kinderstories...

op CD voorgelees deur Vicky Davis!

Ons gewilde storie-CD, "Die Apies", kry 'n nuwe baadjie!



Vier lekkerluister-stories oor Janneman en sy maats -voorgelees deur Vicky Davis.

Stories op die CD:

1. Timmie die mensekind
2. Die apie op die boot
3. Die bobbejane kom
4. Janneman die held

**Spesiale aanbod:
Koop "Die Apies" in sy nuwe verpakking vóór
27 Okt @ slegs R75!
(Gewone prys R90 - spaar R15)**




Word 'n Anna Emm storie-agent!

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories te word, kontak agente@annaemm.co.za | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

Die belangrike haantjie illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za